**Onderwys en Sportontwikkeling**
**Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko**
**Dept.van Onderwys en Sportontwikkeling**
**Dept.of Education and Sport Development**
**NOORDWESPROVINSIE**

# GRAAD 12

# AFRIKAANS
# TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE 2017

## Vraestel 1

## DATUM: 05 JUNIE 2017

**Punte: 120** **Tyd: 2½ ure**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

   AFDELING D: LETTERKUNDE (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A – LEESBEGRIP**


**VRAAG 1 – LEES DIE LEESSTUK HIERONDER EN BEANTWOORD DIE VRAE**

**TEKS A: LEESTEKS**

## Die Volstruis

1 Hy's 'n koddige voël, skoon anders as enige ander geveerde dier. Die volstruis is die grootste voël wat vandag op die aarde leef. Volstruise is Afrika-voëls en kom gewoonlik rondom Oudtshoorn voor.

2 Die volstruis kan nie vlieg nie en verskil van alle ander voëls deurdat hy net twee tone aan elke poot het. Die twee tone aan elke poot eindig in dik naels. Met hul lang nekke, klein koppies, groot oë en kort, breë snawels, staan volstruise omtrent 2,4 meter hoog in hul skurwe sokkies. Hulle kan tot sowat 135 kg weeg. Die klein vlerke word uitgesprei wanneer hulle hardloop oor die veld – met 'n snelheid van 65 km/h.



3 Die volstruis kan baie goed sien. Geen landdier het sulke groot oë soos hy nie. Daar word vertel dat hy 'n vyand tien kilometer ver kan gewaar. Hy sal nietemin vlug van enigiets wat hom bedreig.

4 Hy is 'n bobaas-kamofleerder. Met sy kop en nek plat op die grond, maak hy sy lyf rond, sodat hy nes 'n bossie, rots of miershoop lyk.

5 Boonop sorg die volstruis vir baie nuttige produkte soos biltong tot verestoffers. Omtrent niks gaan verlore wanneer 'n volstruis geslag word nie. Die spoggerige volstruismannetjie het meestal swart vere met wit pluime aan die vlerke en stert. Dis slegs die mannetjie se vere wat gebruik word om items te maak.

6 Volstruisies kom in broeisels van vyf tot twaalf of meer voor. 'n Wyfie kan elke dag een eier lê, maar nadat sy omtrent vyftien gelê het, hou sy op en begin broei. Volstruisboere fop gevolglik die voël deur sekere van haar eiers te steel. Wyfies waarvan die eiers gereeld weggevat word, kan tot tagtig eiers in 'n seisoen lê.

7 Die broeityd by volstruise is 42 dae, twee keer so lank as by hoenders. Eiers word in 'n groot sandholte gelê. Die ma hou hul bedags warm, terwyl die pa snags die broeiwerk behartig. Die mannetjie, met sy swart vere wat met die nag saamsmelt, broei van laat in die middag af tot die volgende môre. Die wyfie broei bedags, omdat haar vere weer soos die grond om haar lyk. Die klein volstruisie moet baie hard pik met sy snawel om die dop te breek, want die dop is so hard en dik soos 24 hoendereiers se doppe.

8 Soos alle voëls het volstruise geen tande nie. Hulle sluk dus baie klippe in om hul spysvertering aan te help. Wanneer die klippe glad en rond raak, bring die volstruise hulle op. Volstruise vreet meestal plantlote, blare, blomme en saad, hoewel hulle akkedisse en skilpadjies sal vreet as hulle dit in die hande kan kry.

9 Volstruise is die heel bangste vir ŉ helikopter. Daar word vertel dat hulle skoon histeries raak vir so ŉ gevaarte in die lug. Dit wys dat daar dalk in hul oerverlede ŉ vlieënde roofvyand was wat hulle gejag het.

10 Die mannetjie se stem klink soos ŉ diep gegrom – eienaardig genoeg nogal soos die van ŉ leeu!

[ Verwerk uit: *Ons wonderlike wêreld : 2004 CD, Huisgenoot in die klaskamer*]

VRAE:

1.1 In watter dorp se omgewing kry ons die meeste volstruise in Suid-Afrika? (1)

1.2 Hoe verskil die volstruis se poot van ander voëls se pote? (1)

1.3 Hoe hoog word ŉ volstruis? (1)

1.4 Gee EEN woord in paragraaf 2 waaruit ons kan aflei dat die volstruis se vlerke wyd oopgemaak word as hulle hardloop. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die letter (A – D) neer.

Die volstruis hardloop met ŉ snelheid van 65 km/h.
km/h staan vir …

A kilo matriks per volume
B kilogram per houer
C kilopascal per hand
D kilometer per uur (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.6) en die letter (A – D) neer.

Die woord “bedreig” beteken om … te voel.

A bang
B verleë
C verkul
D mislei (1)

1.7 Waarom kamofleer die volstruise hulself? (1)

1.8 Soos wat lyk die volstruis as hy hom kamofleer? (1)

1.9 Kies die korrekte woord tussen hakies.

In die woord **bobaas**-kamofleerder beteken **bobaas** (goeie/slegte). (1)

1.10 Noem TWEE produkte wat ons van die volstruis kry? (2)

1.11 Gee EEN woord uit paragraaf 5 wat wys dat die mannetjie mooi (trots) is. (1)

1.12 Tot hoeveel eiers kan die volstruiswyfie in een seisoen lê? (1)

1.13 Wat doen die wyfie as sy klaar haar 15 eiers gelê het? (1)

1.14 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die eiers van die (volstruis/hoender) broei eerste/vinnigste uit. (1)

1.15 Waarom steel die boer die wyfie se eiers? (1)

1.16 Hoe lank neem dit voordat die eiers uitbroei? (1)

1.17 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Die mannetjie broei in die dag op die eiers. (1)

1.18 Hoekom is dit moeilik vir die klein volstruisie om die eier se dop stukkend te pik? (1)

1.19 Noem TWEE dinge wat ’n volstruis vreet? (2)

1.20 Waarom is die volgende stelling WAAR?


Die volstruis is baie bang vir ’n helikopter. (1)

1.21 Watter ander dier maak dieselfde geluid as die volstruis? (1)

1.22 Waarom, dink jy, sluk mense nie klippe in as hul eet nie? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

| Naam:  | Foto:  | Gewig:   | Hoogte:  | Vlerkspan:  | Ouderdom:   | Vlieg:  |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sekretarisvoël |  | 5kg | 1.4m | 1.4m | 18jaar | Kan vlieg |
| Volstruis |  | 135kg | 2m | 2.4m | 75jaar | Kan nie vlieg nie. |
| Aasvoël |  | 11kg | 93cm | 2.8m | 20jaar | Kan vlieg |
| Hammerkop |  | 4.7kg | 56cm | 90cm | 20jaar | Kan vlieg |
| Bloukraanvoël |  | 6.2kg | 120cm | 1.8m | 30jaar | Kan vlieg |

[Verwerk uit Google & PicknPay SA Super animals]

1.23 Watter een van die voëls hierbo kan nie vlieg nie? (1)

1.24 Wat word gebruik om die foto's van die voëls te neem? (1)

1.25 Watter voël word die oudste? (1)

1.26 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die   - simbool stel die (hartklop/gewig) van die voëls voor. (1)

1.27 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.27) en die letter (A - D) neer.

Die doel van die visuele teks is om vir ons te wys dat verskillende voëls …

A verskillende eienskappe het.
B almal dieselfde kenmerke het.
C sekere dinge baie goed kan doen.
D almal swart en wit vere het. (1)

1.28 Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)
**(6)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: FUNKSIES VAN VOËLS SE VERE

- Som die SEWE funksies van voëls se vere op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1 Vere help voëls om te vlieg. Nes ons hare en naels bestaan vere uit dooie materiaal. ʼn Veer kan nie vanself gesond raak nie. As dit beskadig is, moet dit vervang word.

2 Voëls sprei hul helderkleurige vlerke oop. Die mannetjie of wyfie sien dan die mooi vere. Voëls gebruik hul vere om ʼn wyfie of mannetjie te lok.

3 Voëls gebruik ook hul vere om hulself te kamofleer. Dan pas hul baie mooi by hul omgewing in. Voëls het verskillende kleure vere. Die patrone daarop verskil.

4 Die vere beskerm die voël as dit reën. As die hoender sy vlerke na die grond wys, loop die water van sy lyf af. Die hoender se vel word nie nat nie.

5 Op koue dae pof voëls hul vere op. Die warm lug word rondom die lyf vasgevang. Die vere maak die voël dan warm.

6 Voëls trek hul vere plat teen die lyf om koel te bly. Geen warm lug kan dan by die vel uitkom nie. Voëls versorg hul vere deur te bad.

7 Watervoëls vang lug tussen hul vere vas. Watervoëls se vere help hul om te dryf. Die olie wat by die stuitjie afgeskei word, help om die vlerke waterdig te hou.

[*Verwerk uit Huisgenoot 23 Maart 2017*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Google images]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Op watter dorp word die veiling gehou? | (1) |
| 3.2 | Vir wie is die advertensie bedoel? | (1) |
| 3.3 | Vir hoeveel dae kan 'n mens die voëls besigtig? | (1) |

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A – D) neer.

Watter skryfteken word in die woord "voëlklub" gebruik?

A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)

3.5 Waarom word daar koördinate in die advertensie gegee? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die letter (A – D) neer.

Hoe gereeld word die veilings gehou?

A elke jaar
B elke maand
C elke seisoen
D elke eeu (1)

3.7 Waarom pas die prent van die pappegaai by die advertensie? (1)

3.8 Hoekom gebruik die adverteerders verskillende lettertipes? (1)

3.9 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Party voëls is (groot) as ander. (1)

3.10 Voltooi die sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.10) en die ontbrekende woord neer.

@

| | | |
|---|---|---|
| teen | voor | by |


Die @-teken in 'n e-pos adres staan vir: … (1)

[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS E




[Google images]

4.1 Voltooi die VRAAGSIN.

Die ysbeer swem in die water.

**Begin só:** Waar … (1)

4.2 Gee die ANTONIEM(Teenoorgestelde) vir die woord tussen hakies.

Die ysbeer swem in die (warm) water. (1)

4.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Skat sê vir haar mannetjie: "Voëls vreet vis." (1)

4.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die watergogga is (kwaad/vriendelik). (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.5) en die letter (A – D) neer.

Watter skryfteken word in die woord "hê" gebruik?

A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)

4.6 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Skat se mannetjie is (braaf/bang). (1)

4.7 Gee die korrekte SAMESTELLING van ys + berg.

Die ys + berg het in die see gesmelt omdat die son warm was. (1)

4.8 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Die ysbeer vang al die vis in die see.
**Begin só:** Al die vis in die see word … (1)

4.9 Voltooi die volgende VERGELYKING.

Skat is nie vet nie. Sy is so lig soos 'n … (1)

4.10 Waarom, sou jy sê, kry die voëls se pote koud? (1)

[10]

**VRAAG 5**

5.1 Lees die leesteks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

Migrasie van voëls

Party voëls migreer een keer per jaar. Migrasie verwys na wanneer voëls gereeld trek, gewoonlik dieselfde tyd van die jaar. Wanneer 'n man een keer na 'n (5.1.1) nuut huis trek, is dit nie migrasie nie, maar as (5.1.2) (hy/hom) dit elke jaar op dieselfde tyd doen en heen en weer trek, is dit migrasie.

Voëls migreer omdat die weer, habitat en beskikbaarheid van kos verander. So (5.1.3) trek baie voëls, soos swaeltjies, uit europa na Suid-Afrika namate dit (5.1.5) (koud) word en begin sneeu. Slegte weer lei daartoe dat daar minder kos en plek is om 'n (5.1.6) nes te maak.

Wanneer dit kouer word (5.1.7) (op/in) die Noordelike Halfrond, raak dit geleidelik warmer in die Suidelike Halfrond. Die voëls het dus nie net een huis (5.1.8) ___ .

Die wetenskaplikes is nie presies seker hoe die voëls (5.1.9) (ken/weet) wanneer dit tyd is (5.1.10) … … migreer nie. Dit kan wees dat hul voel dit word kouer of hulle kan sien dat die (5.1.11) (dag) korter word. Hul kom ook agter dat die kos minder raak. 'n Mens kan sê dat dit by hul (5.1.12) ingebou is om op 'n sekere tyd te trek.

[Verwerk uit Huisgenoot 30 Maart 2017]

5.1.1 Gee die KORREKTE vorm van "nuut" (Reël 3)
… na 'n (nuut) huis trek … (1)

5.1.2 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 3)

… maar as (hy/hom) dit elke jaar op dieselfde tyd doen … (1)

5.1.3 Gebruik die woord "trek" (Reël 6) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

5.1.4 Skryf die woord neer wat met 'n HOOFLETTER geskryf moet word. (Reël 6)

So trek baie voëls, soos swaeltjies, uit europa na Suid-Afrika namate … (1)

5.1.5 Skryf die korrekte VORM van "koud" (Reël 7)

… namate dit <u>koud</u> word. (1)

5.1.6 Gee die VERKLEININGSVORM van "nes". (Reël 8)

… minder kos en plek is om 'n <u>nes</u> te maak. (1)

5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 9)

Wanneer dit kouer word (op/in) die Noordelike Halfrond. (1)

5.1.8 Vul die korrekte ontbrekende WOORD in. (Reël 11)

Die voëls het dus nie net een huis … . (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 12)

Die voëls (ken/weet) wanneer die tyd reg is … (1)

5.1.10 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël13)

wanneer dit tyd is … … migreer nie. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van "dag". (Reël 14)

… of hulle kan sien dat die <u>dag</u> korter word. (1)

5.1.12 Verdeel die woord "ingebou" in LETTERGREPE. (Reël 15)

'n Mens kan sê dat dit by hul <u>ingebou</u> is … (1)

5.1.13 VERBIND die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die voëls trek weg. Dit word kouer. (omdat) (1)

5.1.14 Sê of die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING is.

Die wetenskaplikes is nie presies seker hoe die voëls aanvoel wanneer hul moet migreer nie. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk: Google]

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

5.2.1 Die apie klim (op/in) die boom. (1)

5.2.2 In die bome hang (vrugte/groente). (1)

5.2.3 Die slang (sis/blaf) as hy kwaad is. (1)

5.2.4 Die bome is (hoër/langer) as die bossies. (1)

5.2.5 Die skilpad (swem/stap) na die hond. (1)

5.2.6 Die slang (draai/loop) sy stert om die boom. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Freyer**

Beantwoord die vrae oor ALTWEE die verhale.

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "DIE DAG VAN DIE ROOS" (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die Barrydalers het die rusie nie begin nie, ek glo dit nie, en dit maak ook nie saak wie die rusie begin het nie, maar oplaas – net hier vóór ete gelukkig – toe was daar rusie en Rooikoos Willemse het gebulder soos hy gebulder het toe hy nog geboer het. Want die man het 'n stem gehad, dit sal ek jou vertel, die man het 'n stem gehad soos g'n haaifaai vandag nie.
>
> "Julle ditse-datse-ditse-datse …" en ek wil die woorde nie hier oorsê nie …

6.1 Waar op Rooikoos se dorp het die rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers plaasgevind? (1)

6.2 Wie het die rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers gestop? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A – D) neer.

"die man het **'n stem** gehad **soos g'n haaifaai** vandag het nie" (reël 4 en 5) is 'n voorbeeld van …

A 'n metafoor.
B kontras.
C klanknabootsing.
D 'n vergelyking. (1)

6.4 Die rede waarom Rooikoos nie meer geboer het nie, was omdat hy onverantwoordelik opgetree het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.5 "ditse-datse-ditse-datse" ( reël 6)

Hoekom dink jy, gebruik die verteller hierdie woorde? (1)

6.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die losskakel het misgeskop.
- Barrydale se span het baie foute gemaak.
- Rooikoos het op die losskakel geskree.
- Barrydale het ŉ strafskop voor die pale gekry. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hoe die Barrydalers hom daar weggekry het, weet g'n mens tot vandag toe nie, maar daardie nag toe neem hulle hom saam Barrydale toe. Net so in sy dronkenskap.
> Maar man, dis nie die ergste nie. Wat die jongklomp toe gedoen het …
> ***
> … maar ek ken die Barrydalers nie so nie, my pa was self een.
> Toe kry hulle vir hom ŉ kamer …

6.7 Wat het die Barrydalers met Rooikoos gedoen nadat hulle hom Barrydale toe geneem het? Noem TWEE dinge. (2)

6.8 Voltooi die volgende sin deur ŉ woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die ontbrekende woord neer.

| gelukkig; | opgewonde; | verbaas |
|---|---|---|

As die verteller sê "maar ek ken nie die Barrydalers nie so nie" (reël 4) dui dit daarop dat die verteller … was oor die Barrydalers se optrede. (1)

6.9 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.9.1 – 6.9.4) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.9.1 Rooikoos Willemse | A … het lank in Barrydale se hotel gewerk. |
| 6.9.2 Die verteller | B … het hom nie altyd goed gedra nie. |
| 6.9.3 Jan | C … het altyd laat gekom. |
| 6.9.4 Die kelner | D … het die Sondagoggend die foon beleefd beantwoord. |
| | E … het baie van ander mense se sake af geweet. |

(4 x 1) (4)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.10)

en die letter (A - D) neer.

Die gevolg van Rooikoos se optrede by die rugbywedstryd was dat hy aan die einde van die verhaal …

A nie meer in die hotel op sy dorp kon woon nie.
B baie drankies by die ander mense gekry het.
C nie geweet het wie hy was nie.
D besluit het om nie weer op ander mense te skree nie. (1)

6.11 Gee EEN rede waarom dit verkeerd was van die ander mense om vir Rooikoos so baie drankies te koop. (1)

6.12 Hoekom kan 'n mens sê dat die hoteleienaar op Rooikoos se dorp iemand was wat graag ander mense gehelp het? (1)

6.13 Waarom was dit verkeerd van die Barrydalers om Rooikoos te straf soos hulle gedoen het? (1)

**[20]**

**EN**

**VERHAAL B: "DIE DAG VAN DIE ROOS" – Jan Rabie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die duine het nog sinkplaat-skaduwees gewerp toe hul jong voete daaroor spoor na die rustelose grens van die see wat dieper-in groot en blou en stil soos die hemel lyk. Die jongklomp het uitgelate te kere gegaan op die strand.
> Net sy tong was bot en beangs in sy mond.
>
> ***
>
> Eers toe hulle heeltemal verby was sonder om een maal na sy kant te kyk, het hy sy mond in die sand gedruk en die korrels droog en verstikkend op sy tong gevoel. Hy het gevoel of hy kan breek van die huil.

6.14 In watter seisoen het hierdie verhaal afgespeel? (1)

6.15 Wat het een van die jongklomp op die blinknat sand gevind, waarmee hy Alta geterg het? (1)

6.16 Hoekom was dit verkeerd van die seun om vir Alta kwaad te wees omdat sy altyd tussen die ander jongmense was en nie saam met hom nie? (1)

6.17 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| woedend; | verbitterd; | hartseer |

Die seun het gevoel of "hy kan breek van die huil" (reël 7) beteken dat hy … was. (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die letter (A - D) neer.

" … die see wat diep-in groot en blou en **stil soos die hemel lyk** …" (reël 2) is ŉ voorbeeld van …

A ŉ metafoor
B personifikasie
C ŉ vergelyking (1)
D kontras

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Hy het flarde van hul hoë sopraanstemme soos hul ŉ liedjie loop en sing, bo die branders gehoor. Dit het hom benoud laat dink aan vlug, maar tog in ŉ soet, verskriklike bedwelming teruggehou. Terwyl hy sy broekspype oprol, het hy weg van die land in die see ingewaad. |

6.19 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Hy het VIR ALTA in die sand geskryf.
- Die seun wou vlug toe hy die meisies hoor nader kom.
- Die twee meisies het op die rooi roos afgekom.
- Hy het die roos in die sand gedruk. (4)

6.20 Kies die inligting in KOLOM B wat by die plek in KOLOM B pas. Skryf net die vraagnommer (6.20.1 – 6.20.4) en die letter (A - D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.20.1 In die straatjie | A … het die seun sy vreugde uitgeroep omdat Alta die roos gaan haal het. |
| 6.20.2 Op die strand | B … het die seun die roos in die sand gedruk. |
| 6.20.3 By die landingsplek | C … het Alta dankie gesê vir die roos. |
| 6.20.4 In die see | D … het Alta se viendin die roos gevat. |
| | E … het die seun die roos gekry. |

(4 x 1) (4)

6.21 Alta was nie ŉ populêre meisie nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is (1)

6.22 Noem TWEE dinge wat aandui dat die seun aan die einde van die verhaal minder skaam vir Alta was. (2)

6.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.23) en die letter (A - D) neer.

Hoe sal jy die probleem beskryf wat die seun aan die begin van die verhaal gehad het? Hy was …

A lief vir die meisie en het nie geweet hoe om dit vir haar te sê nie.
B kwaad vir die meisie en het nie geweet hoe om dit te sê nie.
C aggressief en het lelik teenoor die ander seuns opgetree. (1)
D ongelukkig en het met die meisies baklei.

6.24 Hoekom sal jy sê dat dit verkeerd van Alta was om nie dadelik die roos te neem nie? (1)

6.25 Waarna verwys die titel "Die dag van die roos"? (1)

6.26 Hoe anders kon die seun in die verhaal vir Alta gewys het dat hy van haar hou? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**